# Privaatskool Moria Sportdrag

**Moria Ondersteunersdrag:**

**Laerskool en Hoërskool:**
Moria-gholfhemp met Moria-seilbroek of denim, swart sokkies en tekkies.
Indien dit koud is - Moria sweetpak of volle skooldrag.

**Volwasse ondersteuners:**
Beskikbaar indien ondersteuners wil aankoop:

- Moria Ondersteuners-gholfhemp vir mans en dames.
- Moria knoophemp vir mans en dames.
- Moria windjekker vir mans en dames.
- Moria pet, "visor" of breërandhoed.
- Moria - "buff".

**Atletiek - Seuns en Meisies**

- Moria Atletiek frokkie.
- Swart atletiek broek (Geen ander kleur of wit daarby - Swart).
- Atlete mag deelneem in 'n Swart "rekbroek" , maar nie daarin rondloop.
- Volledige skoolsweetpak.
- Sport Sokkies -- Swart.
- Drafskoene - geen ander skoene of plakkies.
- Amptelike Moria Kepse
- Hare volgens skoolreëls.
- Geen grimering.
- Geen sonbrille.
- Leerlinge se liggame moet behoorlik bedek wees.
- Nousluitende kleding (behalwe rekbroek) en deursigtige kleding is ontoelaatbaar.

## Wintersportdrag

**Algemene reëls**

- Moria-sportdrag of bykomstighede word deur die Klere-kommitee goedgekeur.
- Die enigste 3 kleure wat in Moria sportdrag gebruik word is:
  geel, swart en wit.
- ***Borge*** se name mag subtiel op alle sportdrag geplaas word.
    - Netbalrok en hokkiefrokkie - Agter op skof -
    - Netbalrok en hokkiefrokkie het ook die keuse om dit op die regter bors aan te bring.

    - Rugbytrui - onder die bors -- Dwarsoor --
    - Die maatskappy logo van broeke wat geborg word, kan subtiel geplaas word op die agterkant van die linkerpyp.
    - Indien borge rugbybroeke of seilbroeke wil borg, moet hulle die broeke wat by die skool te koop sal wees, aankoop en daarop borduur - tensy anders ooreengekom.
    - Indien borge *toksakke of rugsakke* wil koop, sal die amptelike Moria-rugsak of toksak aangekoop word. Hierop mag borge subtiel hulle logo aanbring. Logo's op toksakke aan die een kleiner sykant. Name en span-ouderdom kan ook op 'n sykant aangebring word.

- Die *amptelike Moria-wapen* moet op alle eerstespan: Hokkiefrokkies, netbalrokke en rugbytruie gedruk wees op die linker bors.
- Indien name van spelers op die eerstespan netbalrokke geplaas word, mag dit op die soom bo die linkerbeen geplaas word.
- By netbal en rugby lyk sportdrag (truie en frokkies) - van O/7 -  O/15 dieselfde, net die eerstespanne se drag verskil. Alle nuwe kleding wat aangekoop word, moet hierby aansluit.
- Geen hempies, keppe, toerbroeke, baadjies of ander kledingstukke en bykomstighede word gemaak vir spesiale geleenthede nie.
- Spanne mag wapens ("badges" van materiaal of plastiek) maak om op rugsakke aan te werk/aan te klik vir toere en spesiale geleenthede. Hierdie ontwerpe moet ook goedgekeur word deur die Klere-kommitee.
- Sportsoorte mag opwarmingshemde laat maak (geel, swart of wit), maar dit mag nêrens as amptelike Moria-drag aangetrek word nie. Slegs vir opwarming voor wedstryde of vir oefeninge.
- 'n Amptelike rugsak en toksak sal deur Moria verkoop word, slegs hierdie sakke mag gebruik word vir enige toersakke of spansakke wat eenvormig gemaak word.
- Skoolsportsakke is nie verpligtend vir individue nie.
- Meisies moet ten alle tye hulle hare netjies vasmaak met geel of swart bykomstighede.
- Volle skoolreëls ten opsigte van hare, grimering en bykomstighede geld ook by alle Moria sportsoorte.
- By alle sportsoorte mag Moria se goedgekeurde *hoofbedekkings* gedra word. Hetsy pet, "visor" of breërandhoed.
- Moria-"buff" word beskou as 'n bykomstigheid wat gedra word as nekverwarmer of haarband, nie as enige ander modebykomstigheid nie.

| **Sportsoort** | **Kleredrag tydens deelname** | **Kleredrag voor/na deelname** |
|---|---|---|
| **1 Hokkie** | • Moria-hokkieklere<br>• Moria-hokkiehemp<br>• Moria-hokkiekouse | Volledige skoolsweetpak of Moria-gholfhemp by Moria-seilbroek of skooldrag. |
| **2 Jukskei** | • Moria-gholfhemp<br>• Moria-seilbroek<br>• Swart sokkies | Volledige skoolsweetpak of Moria-gholfhemp by Moria-seilbroek of skooldrag. |

| | | |
|---|---|---|
| | • Tekkies<br>• Moria-breërandhoed | |
| **3 Netbal** | • Moria-netbalklere<br>• Swart sokkies - L/S kort - H/S mag lank aantrek. | • Volledige skoolsweetpak of Moria-gholfhemp by Moria-seilbroek of skooldrag.<br>• 1e span -- Amptelike eerstespandrag. |
| **4 Rugby (15 man en 7's)** | • Swart rugbybroek<br>• Moria-rugbytrui<br>• Moria-rugbysokkies (H/S) | • Volledige skoolsweetpak of Moria-gholfhemp by Moria-rugbybroek of Moria-seilbroek of skooldrag.<br>• 1e span -- Amptelike eerstespandrag. |
| **5 Tennis** | • Moria-gholfhemp<br>• Moria-seilbroek<br>• Swart sokkies<br>• Tekkies | Volledige skoolsweetpak of Moria-gholfhemp by Moria-seilbroek of skooldrag. |
| **6 Skaak** | • Volle wintersdrag<br>• Hoërskool met bruin baadjies | |

Om teleurstelling te voorkom MOET alle groot hoeveelhede klere of bykomstighede ten minste 8 weke vooraf bestel word by die Bedryfskantoor.